Landbousektor Voorsorgfonds

Vir meer inligting oor die Fonds, besoek www.aspf.co.za of skakel 011 286 1298

In samewerking met Agri SA, TLU SA, LWO en Sanlam, bied die Fonds 'n Voorsorgfonds aan deelnemende werkgewers wat hul in staat stel om aftree- en risikovoordele aan werknemers te bied. Die Landbousektor Voorsorgfonds voorsien aftree-, uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele. Die Fonds bestaan uit verskeie planne en elke plan bied unieke voordele teen bekostigbare maandelikse bydraes.

Die lid se fondswaarde is gebaseer op die netto bydraes wat vir elke lid van die Fonds gespaar word nadat die kostes vir administrasie, sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele verhaal is

Die fondswaarde word bepaal volgens die vlak van bydraes wat gemaak word, groei wat plaasvind, sowel as die termyn waaroor die bydraes gemaak word. Lede wat eers op 'n hoë ouderdom tot die Fonds toetree, se termyn van spaar is baie korter as jonger lede en daarom sal hul fondswaardes by aftrede ook laer wees.

Die tabel hieronder dui die reeks planne aan wat ingevolge die Fonds beskikbaar is. 'n Enkel maandelikse bydrae dek die totale voordeelpakket.

Lede is 24 uur per dag, 365 dae van die jaar gedek. Lede kan ook bykomende bydraes tot enige plan in die Fonds maak. Hierdie bydraes verhoog die lid se fondswaarde.

Plan		A1	A2	B	C2	D	E
Bydrae		R160.00	R160.00	R183.00	R206.00	R246.00	R412.00
Sterftedekking		-	R14 000	R17 000	R20 000	R25 000	R35 000
Enkelbedrag ongeskiktheid		-	-	-	-	R25 000	R35 000
Ongeluk: sterfte/verlies van ledemate		-	R14 000	R17 000	R20 000	R25 000	R35 000
Begrafnis	Lid	-	R12 000	R16 000	R19 000	R20 000	R30 000
	Gade	-	R12 000	R16 000	R19 000	R20 000	R30 000
	Kind 14 - 21	-	R12 000	R16 000	R19 000	R20 000	R30 000
	Kind 6 - 13	-	R6 000	R8 000	R9 500	R10 000	R15 000
	Kind 0 - 5	-	R3 000	R4 000	R4 750	R5 000	R7 500
Totale kostet		R28.03	R70.43	R83.55	R94.78	R114.98	R161.12
Netto aftreevoorsiening (bydrae minus total koste)		R131.97	R89.57	R99.45	R111.22	R131.02	R250.88

Bydraes en aparte groepskema strukture vanaf 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022

Sterfte van lid voor aftrede (Voorsorgfonds en aparte groepskemas)

By die sterfte van 'n lid voor aftrede, sal die lid se afhanklike/benoemdes geregtig wees op die lid se fondswaarde. Die sterfte- en begrafnisvoordele is aan die lid se afhanklikes/benoemdes betaalbaar volgens die gekose plan.

Uitdienstrede van 'n lid (Voorsorgfonds)

By diensverlating word die lid se sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele beëindig. Die lid is geregtig op sy of haar fondswaarde Die fondswaarde kan na enige goedgekeurde fonds oorgeplaas word of the lid kan kies om 'n opbetaalde lid te word.

Aftrede van 'n lid (Voorsorgfonds)

By aftrede word die lid se sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate en begrafnisvoordele beëindig. Die lid is geregtig op sy of haar fondswaarde of die lid kan 'n uitgestelde aftreelid word. Onderhewig aan die werkgewer se goedkeuring, kan die lid op enige ouderdom tussen 55 en 70 aftree.

Sterfte van 'n gade of 'n kind (Aparte groepskema)

By sterfte van die lid se gade of kind, is 'n begrafnisvoordeel betaalbaar volgens die gekose plan ingevolge die aparte groepskema

Totale en permanente ongeskiktheid van 'n lid (Voorsorgfonds en aparte groepskema)

Indien 'n lid ongeskik verklaar word voor die ouderdom van 65, sal die lid geregtig wees op sy of haar fondswaarde. Indien die ongeskiktheidseis goedgekeur word deur die onderskrywer, sal die lid geregtig wees op die ongeskiktheidsvoordeel volgens die gekose plan ingevolge die aparte groepskema na 'n wagtydperk van 6 maande. Indien die lid ongeskik verklaar word binne 5 jaar voor ouderdom 65, sal die voordeel betaalbaar onder die aparte groepskema verminder word met 20% per jaar of gedeelte daarvan.

Ongeluksvoordeel; sterfte/verlies van ledemate (Aparte groepskema)

By sterfte of verlies van ledemate van die lid as gevolg van 'n ongeluk, is die voordeel betaalbaar gelykstaande aan 'n persentasie van die ongeluksvoordeel. Die total bedrag betaalbaar aan die lid vir sterfte en/of verlies van ledemate is beperk tot die totale ongeluksvoordeel.

Terme en voorwaardes geld.

AGRI SA TLU SA LWO WERKGEWERSORGANISASIE EMPLOYERS ORGANISATION mec Sanlam